

Borsplaat / Borsharnas van Geregtigheid



Bron: <http://www.bybelkennis.co.za/index.php/bybelse-temas/16-algemene-arikels-in-bybelse-temas-en-sake/931-die-christen-se-wapenrusting>

Gepubliseer op Maandag, 14 Maart 2011 05:50

[Share](#)

Die Christen se wapenrusting - Francois Malan

Estelle het drie vrae oor die Christen se wapenrusting gevra. Hulle word as 'n eenheid hanteer:

- (a) Verduidelik die Wapenrusting en waarom hierdie voorbeeld as agtergrond gebruik word deur Paulus?
- (b) Verduidelik die oorlogsterrein in Efesiërs met die wapenrusting.
- (c) Die Wapenrusting: verduidelik die geveg, die neerlaag, die oorwinning

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

1. Die agtergrond van die volle wapenrusting van God wat Paulus gebruik is die profesie van Jesaja wat die wapenrusting van die Here en sy Messias (gesalfde koning) beskryf in Jes.11:4-5; 59:17; vgl. 49:2; 52:7.

Jes.11 praat van die Messias koning uit die geslag van Dawid. Nadat God vir Assirië gebruik het om Israel met brute geweld in ballingskap weg te voer, omdat hulle God verlaat het, ten spyte van die waarskuwings van Amos, Hosea en Jesaja, het Hy Juda laat oorbly en konings soos Joas en Hiskia uit die nageslag van Dawid die seun van Isai vir Juda laat terugkom na die Here, en hulle het met geregtigheid regeer omdat die Gees van die Here op hulle gerus het (Jes.11:1-2).

11:4b sê letterlik: (Die Here) sal die aarde met die roede (rottang) van sy mond en met die asem van sy lippe die goddeloses doodmaak (soos in die OAV – ou Afrikaanse vertalings van 1933/53. Die NAV – nuwe Afrikaanse vertaling van 1983 sê: Hy sal die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal hy hulle om die lewe bring)

Die Here se krag word hier uitgedruk met die roede van sy mond en die asem van sy lippe. Die brute krag van die bosbouer sal nie meer nodig wees om Israel uit te kap nie. Egte gesag sal deur die koning se wetgewing uitgeoefen word, en die skuldige misdadiger sal deur 'n ordelike regsproses aan bande gelê word.

Vgl.Ef.6:17 se swaard van die Gees, dit is die woord van God.

11:5 sê letterlik: En geregtigheid sal die gordel om sy lende wees, en getrouheid die gordel om sy heupe (soos die OAV. NAV sê: hy sal regverdig en betroubaar regeer).

Vgl. Ef.6:14 die waarheid as gordel om julle heupe, met die borsplaat van geregtigheid (NAV vryspraak deur God).

In Jesaja 49, 52 en 59 praat 'n profeet in die gees van Jesaja oor die Persiese konings wat God gebruik het om Juda terug te stuur na Jerusalem, nadat die Babiloniërs onder Nebukadneser hulle na Babel weggevoer het (vgl. 44:28-45:1 vir die Persiese koning Kores).

49:2 praat van die mond wat 'n skerp swaard is, vgl. Ef.6:17 se swaard van die Gees, dit is die woord van God.

52:7 praat van die voete van die boodskapper van die goeie tyding, vgl. Ef.6:15 se bereidheid om die evangelie (goeie boodskap) van vrede te verkondig as skoene aan die voete.

Jes.59:17 praat van geregtigheid soos 'n pantser en redding as die helm op sy kop – vgl. Ef.6:14 se borsharnas van geregtigheid (NAV vryspraak), en 6:17 se helm van verlossing.

In Efesiërs 6 praat Paulus van elke gelowige. God gee, deur sy Gees wat in ons kom woon het, aan ons die krag om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon met sy liefde, om ons daarin te wortel en te grondves, dat ons gevul mag wees met die volheid van God se liefdeskrag (Ef.3:14-19). Daarom loop Paulus se hele argument in die brief uit op die oproep om die volle wapenrusting wat God tot ons beskikking gestel het, aan te trek. 6:10 sê letterlik: word sterk gemaak! (NAV soek julle krag). Dit gebeur deur ons noue verbindtenis en gemeenskap met die Here (Jesus Christus) as die bron van ons krag. Ons staan nie meer onder die tirannie van die vors van die onsigbare bese magte nie, die gees wat aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is nie (2:2). Ons staan nou onder Christus se regering van liefde met Hom as ons hoof (1:21; 3:18).

2. Die oorlogsterrein van Ef.6 is die stryd van die Here se kerk gesamentlik en elkeen wat in Christus glo afsonderlik teen die bese magte van hierdie sondige wêreld, teen die bese geeste in die lug, die listige aanslae van die duiwel (6:11-12), dit is die Bese mag vir wie hierdie wêreld se mense volg in ongehoorsaamheid aan God (2:2). Dit is God wat stry teen die satan wat ons aanval, en Hy staan ons in die stryd by. Met die aantrek van God se volle wapenrusting wat Hy aan ons beskikbaar stel, gebruik Paulus 'n beeld, soos hy in 4:22-24 letterlik die beeld van ou klere uittrek en nuwe klere aantrek gebruik het (soos in OAV. NAV sê: breek met die ou sondige mens in julle...lewe as nuwe mense). Die oorlogsterrein is ons alledaagse lewe (lees die bespreking daarvan in Ef.4:25-5:21: ons stryd teen: leuens, kwaadword, steel, vloek, bitterheid, woede, lastering, hoerery, gierigheid, dronkenskap.

3. Die geveg. Dit is 'n geveg om te lewe soos kinders van God wat vasstaan teen die aanslae van die duiwel (vier maal word die woord staan, vasstaan, weerstaan gebruik: 6:11,13,13,14). Daar is aanhoudend en 'n wye verskeidenheid van aanslae van die duiwel. V16 sê dit soos brandende pyle wat hy teen ons afskiet. Dit kom as versoekings in ons om verkeerd op te tree, maar kom ook van buite deur mense en groepsdruk wat ons verlei (soos die reeks in 4:25-5:21 aandui). Christus het reeds die stryd gestry en oorwin. Daarom moet ons by Hom skuil, en deel in sy oorwinning deur nee te sê vir die versoekings van ons eie hart en geaardheid, en beklee word met die liefde van Christus in ons denke en optrede. Paulus noem die geveg 'n worstelstryd (NAV stryd) met 'n beeld uit die stoeigevegte van sy tyd (v12). Maar hier is dit nie twee liggame se spierkrag teen mekaar nie, maar ons gees teen die bese gees wat ons aanval in ons denke en optrede, en van buite deur die denke en optrede van ander mense.

Ons wapens is egter die waarheid as gordel om ons heupe (6:14), soos die Romeinse soldaat se leer gordel wat sy onderlyf en bobene beskerm teen pyle. Ons moet die waarheid van die evangelie se verlossing en nuwe manier van lewe aantrek en dit in ons houding, taal en gedrag uitleef (4:25).

Ons borsharnas is geregtigheid (4:25; NAV vryspraak), die regte verhouding teenoor God en die regte optrede teenoor mense (vgl. 4:24 volgens die wil van God; 5:1,2 in liefde). Die Romeinse soldaat het 'n koper borsplaat

gedra om sy borskas en hart te beskerm teen pyle en swaarde. So moet ons harte beskerm word deur reg te lewe met God en ons medemens.

Die Romeinse soldaat het leerskoene gedra vir die lang opmars sodat sy voete kan bly marsjeer of hardloop (6:15). Die gelowige moet gereed wees om die goeie nuus van die vrede wat Christus vir ons met God en met mekaar bewerk het (2:14-18) te gebruik om op die geestelike terrein te gaan veg teen die ongelowiges, deur vir hulle van die vrede te vertel en dit teenoor hulle uit te lewe.

Geloof as skild (6:16). Die Romeinse soldaat het 'n groot skild gedra, met 'n houtraam wat met kalfsvel oorgetrek is en bo en onder met yster versterk is, om sy hele liggaam te bedek teen pyle wat met pik gesmeer en brandend afgeskiet is, en swaard aanvalle. Die geloof is vir die Christen sy skild teen die aanvalle van die Bose. Die geloof is ook 'n gawe van God (2:8 letterlik: dit – nl. redding en geloof; NAV redding). Dit is vertroue in God, in Hom wat ons saam met Christus Jesus uit die sonde opwek en ons gemaak wat ons nou is. In Christus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (2:7,10).

Die helm van verlossing (6:17). Dit moet ontvang word (NAV opsit). Die Romeinse soldaat het 'n bronshelm gedra om sy kop te beskerm. God het ons verlos uit die dood, die oordeel oor ons sonde, en die slawerny van die sonde, en ons in die nuwe koninkryk geplaas waar Christus regeer. Dit is sy gawe aan ons. Daarmee moet ons kop en ons denke gevul word.

Die swaard van die Gees (6:17). Die duivel moet nie slegs teengestaan word nie, maar ook aangeval word. Die woord wat hier gebruik word, is die kort swaard wat die Romeinse soldaat gebruik het in man tot man geveg. Die Gees maak die swaard wat ons hanteer kragtig. Die swaard is die woord van God, die evangelie, die goeie nuus oor Christus se verlossing wat ons aan ander vertel, en wat die Gees gebruik om hulle te oortuig.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Bron: <http://bibleforums.org/archive/index.php/t-152398.html>

Ek het onlangs begin om meer inligting na te gaan aangaande die wapenrusting en het dit interessant gevind, en deel graag hierdie inligting:

Die gordel van die waarheid

In die tyd van Paulus het die Romeinse soldate 'n tuniek gedra. Hierdie tuniek was 'n groot versterkte vierkantige stuk materiaal. Hierdie materiaal het los oor die liggaam gehang en het gate gehad om die kop en die arms deur te steek. Geen soldaat het gaan veg met 'n los stuk tuniek nie en daarom sou dit met 'n gordel vas gegord word. Indien hierdie gordel nie gebruik word nie, kan hierdie los lappe van leuens om ons lyf wapper. Die vyand gaan die los lappe gebruik om oor ons kop te trek, te verblind, en die geveg sal verlore wees. Ons moet ons dus toerus met die waarheid sodat ons staande kan bly teen die aanvalle van die bose. Die persoon wat met die waarheid omgord word (die waarheid ken), sal die leuen en die waarheid van mekaar kan onderskei. Leuens en onkunde bind jou, dit maak jou magteloos en radeloos, maar dit is die waarheid wat vrymaak en die regte pad aanwys. Die waarheid staan teenoor die leuen. Satan is 'n leuenaar en ook die vader van die leuen.

Dit was ook in die Romeinse gebruik vir 'n soldaat om 'n skouerband te dra wat voor en agter aan die gordel geheg was en oor die skouer gegaan het. Hy kon die swaard hieraan dra. Die swaard simboliseer die Woord van God. Waarheid word geopenbaar in die woord. Ander dinge wat aan die skouerband gedra was is medaljes of embleme van vorige oorwinnings. As jy dan die gordel van die waarheid dra en jy trek die swaard van geloof, gaan jy medaljes kry, maar net as jy jou swaard op jou skouerband geheg aan jou gordel dra. Dan het jy reeds oorwin voordat jy die veldslag betree het. Die wapens wat teen ons gebruik word is dikwels leuens wat soos die waarheid lyk. As ons egter die gordel van die waarheid aan het sal ons die leuen oorwin.

MercyChild

Dec 28th 2008, 02:53 PM

Die borswapen van geregtigheid

Die Nuwe Afrikaanse vertaling praat van 'n borsharnas in plaas van 'n borswapen. Die Nuwe vertaling praat ook van vryspraak in stede van geregtigheid. Die King James Version maak gebruik van die borsplaat en geregtigheid.

Geen Romeinse soldaat sou dit waag om in 'n geveg in te gaan sonder sy borsharnas nie. Dit is daar om hom te beskerm teen die vyand se swaarde en pyle van aanvalle naby en ver af te keer. Die mees algemene harnas was 'n metaalplaat wat die noodsaaklike areas van die bolyf van die basis die nek tot by die dye bedek het. Dit het dus die belangrikste naamlik die hart en die ingewande beskerm. Vir die Jood in die eerste eeu na Christus was die hart simbolies van die denke: verstand gees, gemoed of bewussyn. Die ingewande het weer die gevoel en emosies verteenwoordig. 'n Mens voel mos sekere emosies op die krop van jou maag. Die borswapen beskerm dus ons denke en ons emosie teen die aanvalle van Satan. Ons borswapen is gemaak van die geregtigheid wat God aan ons geskenk het op die dag van ons redding. Om dus 'n oorwonnene lewe te lei moet ons dan die beginsels van die geregtigheid toe pas. Volgens Jer 23:6 is die Here ons geregtigheid. Dit beteken dat die oomblik wanneer ons tot geloof in Christus Jesus kom, ons die vryspraak van ons sonde ontvang en ons geregtig voor God die Vader staan.

MercyChild

Dec 28th 2008, 05:28 PM

Skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede

Skoene het vir die Romeinse soldaat twee belangrike funksies gehad naamlik: Beskerming en stabiliteit. Hy het in 'n geveg gereed te doen gehad met allerhande gevare soos skerp speke wat in die grond geplaas is ten einde in sy voete te steek. Die skoene kon nie te glad wees nie, want dan sou hy nie oor gladde rotse

kon klim om 'n vyand te gaan aanval nie. Hy moes die tipe skoene dra waarmee hy lang afstande sou kon marsjeer sonder dat hy die sole sou deurloop. As 'n soldaat se voetsole beseer is kan hy nie loop nie en is dan niks werd nie. Baie veldslae was verloor omdat soldate se skoene nie gehou het nie. Die Romeinse het stewels van dik leer met baie dik sole gedra. Dit het met bande styf om die voete vasgemaak. Onder die sole was klinknaels (soos met rugby skoene) sodat hulle nie maklik moes gly nie. Hierdie skoene het dan standvastigheid verleen sodat hy ferm in 'n geveg kon staan. Boodskappers in die Romeinse tyd moes verloop om boodskappe oor te dra, 'n boodskapper sonder die regte skoene sou nie betyds sy bestemming bereik nie. Dorings klippe en 'n warm teerpad is alles dinge wat 'n mens se voete baie seer maak as jy dit kaalvoet aandurf.

Dit is daarom belangrik vir die Christen om goeie sterk skoene te dra, sodat hy die pad sal kan aandurf om die evangelie uit te dra.

MercyChild

Dec 28th 2008, 05:41 PM

Die skild van die geloof

Die Romeinse het verskillende soorte skilde gebruik. Onder andere 'n klein ronde een. Die een wat Paulus egter in gedagte het was 'n groot beskermende plank. Die Griekse naam wat hy gebruik het om dit te beskryf is "Athureon." Hierdie skild se afmetings was vier en 'n half voet by twee en 'n half voet. Aan die buitekant was dit oorgetrek met metaal of leer. Die skild se beskrywing is so groot, dat jy as persoon ten volle daaragter verberg kan word. Die metaal sou die pyle deflekteer terwyl die leer behandel was met olie om die brande pyle uit te sit. Die skild word gebruik om die pyle van vuur dood te maak. Daar is net een manier om hierdie pyle uit te blus en dit is om in geloof aan God vas te hou. 'n Peloton Romeinse soldate sou hulle skilde teen mekaar hou om dit as 'n muur te gebruik teen 'n vyandige aanval. Dit is hoe die liggaam van Christus moet funksioneer, as daar pyle van die vyand afgeskiet word, moet die kerk hulle skilde teen mekaar hou sodat die vyand geen plek mag hê nie. Hierdie pyle beteken skielike, onverwagte en hewige aanvalle (bv siekte, depressie, vervolging, twyfel en moedeloosheid) deur die bose. Ons as gelowiges moet deur die geloof leef en nie volgens dit wat ons sien, beleef of voel nie. Ons geloof word gebou deur ons gemeenskap met God en omgang met die Woord van God.

MercyChild

Dec 28th 2008, 11:04 PM

Die helm van verlossing

Satan probeer mense altyd om die denke van die mens te beïnvloed en of te beheer. Daarom is dit van kardinale belang dat die denke of rede van die gelowige beskerm moet word. Satan probeer om die denke van die mens te verwar en dit vol te stop met leuens en valse leringe. Die helm van verlossing is om die hoof van die denke van 'n gelowige te beskerm. 'n Persoon wat hom nie daarop toel om te onderskei nie, wie se denke passief en ongedissiplineerd is, is 'n maklike prooi vir die Satan. Ons moet ons denke onder die beheer van die Gees van God plaas en dit gebruik.

Die Romeinse soldaat se helm was gemaak van leer met stukke metaal daarop, of van soliede yster. Dit het ten doel gehad om die soldaat se kop teen die vyand se pyle te beskerm, sowel as om hom te beskerm teen houe met 'n swaard. So 'n swaard was vier voet lank met 'n groot handvat en is met albei hande vasgehou soos 'n krieketkolf. 'n Soldaat kon met een hand sy opponent se skedel oopkloof en hom dood. Satan het ook 'n swaard, met twee snykante, naamlik: Ontmoediging en twyfel. Hy wil 'n gat in jou kop slaan met sy swaard van ontmoediging en twyfel.

MercyChild

Dec 29th 2008, 05:16 PM

Die swaard van die Gees - Woord van God

Die swaard word gebruik vir die aanval asook die teenaanval in 'n geveg vir verdediging. In hierdie geval is die swaard van die Gees, die woord van God. Slegs

deur die vervulling van die Heilige Gees kan die Woord van God lewend gemaak word en betekenis gegee word. Ongelowiges kan ook Bybel lees, maar het nie die inwonende onderwyser in die vorm van die Heilige Gees nie. Hierdie swaard word net soveel gebruik om 'n hou te keer as wat dit gebruik word om aan te val. Satan slaan ons met versoekings en die woord word gebruik om die aanval af te keer. Satan gebruik 'n gebied waar jy nog nie die Bybelse beginsels ken nie en sal jou daar aanval. Dit is van kardinale belang vir enige Christen om te weet waar om nodige tekse in die Bybel te vind in tye van aanslae. Dit is belangrik om daaglik stil te word by God se woord. Ons moet biddend vra dat die Heilige Gees die Woord en die Waarheid aan ons sal openbaar. Die woord van God is genoegsaam om ons alles te leer. (2 Tim 3:16) Die woord word deur die Heilige Gees gebruik vir ons heiligmaking en reiniging, maar ok om die vyand te verslaan. Toe Jesus in die woestyn versoek was, was Sy enigste wapen die Woord (Mat 4 en Luk 4). Telkens het Hy elke versoeking afgekeer met: "Daar staan geskrywe" Dit is daarvoor belangrik dat ons die woord van God moet ken, sodat ons gedeeltes kan gebruik wanneer en waar nodig in die geveg. Dit help om in gedagte te hou dat die Bybel God se liefdesbrief is aan jou. Wanneer jy briewe ontvang van iemand wat jy liefhet, lees jy dit nie net een keer om dan nooit weer daarna te kyk nie. Jy bestudeer dit kort-kort aandagtig, drink die wese van daardie persoon in, lees tussen die lyne vir enige en elke moontlike boodskap. God se liefdesbriewe aan ons is vol boodskappe. Dit sL "Dit is hoe ek jou liefhet". Dit sL nie "Dit is wat jy moet doen sodat jy My sover kan kry om jou lief te hL nie". Dit is 'n boek van lewe. Dit moet nie gelees word soos 'n ritueel of uit vrees dat iets vreeslik sal gebeur as jy dit nie doen nie. Dit moet gelees word sodat God jou in Sy liefde van binne na buite kan opbou, en Sy wese in jou hart kan inbrand sodat niks jou van Sy teenwoordigheid kan weghou nie.

BRON: http://www.christenmedia.net/artikels_info.php?artikel=22

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande.

Psalm 19:2 (AOV)

DEEL 2: DIE WAPENRUSTING VAN GOD

Die Borswapen van Geregtheid - Efesiërs 6:14

'n Bybelse Perspektief

AGTERGROND

FISIESE WAPENRUSTING:

Die Romeinse soldate het verskillende soorte borswapens gebruik.

§ Sommiges was van 'n swaar materiaal vervaardig en het laag gehang ; soms was dit ook bedek met dun skywe van die hoewe van diere wat aan die borswapen vasgeheg was.

§ Soms was 'n ketting-harnas gedra waaraan klein metaalplaatjies gehang het.

§ Die bekendste borswapen was die gegote metaalborsplaat wat gestrek het vanaf die soldaat se nek tot onder by die heupe. Hierdie borsplaat het lewensbelangrike areas van die soldaat se liggaam beskerm.

Elke deel van die FISIESE WAPENRUSTING is ontwerp om 'n spesifieke en belangrike doel te dien en daarom kan nie beweer word dat een deel van die wapenrusting 'n hoër prioriteit as 'n ander geniet nie. Ten eindelik sal dit die volle wapenrusting wees wat die veiligheid van die soldaat se lewe verseker wanneer hy teen sy vyand te staan kom.

GEESTELIKE WAPENRUSTING:

Die geestelike borswapen van geregtigheid, die deel wat die hart van die mens beskerm, is die sleutel tot die effektiwiteit (sukses) van al die ander dele van die geestelike wapenrusting.

Indien daar nie geregtigheid in mens se lewe teenwoordig is nie, is die kans maar min dat jy enduit jou lewe as uitverkoopte mens aan Jesus sal kan wy.

Sonder die borswapen van geregtigheid gaan jou skild van geloof ook nie tot sy reg kom nie; en dít mag daartoe lei dat jou skoene van bereidheid wat vredespore vir die evangelie wou trap eerder onvrede op hul pad sal agterlaat.

Sonder geregtigheid sal die helm van verlossing ook nie die beskerming bied waarop jy gehoop het nie, terwyl die swaard van die Gees sonder enige effek in jou hand sal rondswaai.

GEREGTIGHEID:

Wat is geregtigheid?

'My geregtigheid' is net 'n ander manier om te sê dat ek in die regte verhouding tot Vader God staan. Indien daar nie 'n intieme Vader-en-kind verhouding tussen my en Hom is nie, moet ek nie onder die wanindruk verkeer dat dit met my goed gaan nie. By gebrek aan so 'n verhouding kan daar geen 'ooreenkoms' tussen my en Vader God wees nie. Daarom is dit noodsaaklik dat alle mense van tyd tot tyd hulself die vraag sal afvra: Aan wie/Wie is ek onlosmaaklik verbind?

WAT BESKERM DIE BORSWAPEN?:

Wanneer 'n Romeinse soldaat in noue kontak met die vyand gekom het, was sy swaard die mees effektiewe wapen om sy vyand mee te onthoof. Tydens hierdie nabye kontak met die vyand, was die soldaat op sy kwesbaarste en was sy volgende belangrikste dissipline, om die lewensbelangrike areas, naamlik sy eie -

§ **hart**; en

§ **ingewande** (die middelste gedeelte waar al die ander organe van die liggaam is) te beskerm.

DIE HART:

Die vroeë Jode beskou die **hart as waardevol** aangesien die hart vir hulle die verstand/gedagtes verteenwoordig. Die Bybel meld, “Want uit die hart kom daar slegte gedagtes...” Mattheus 15:19 (AOV); “For as he thinks in his heart, so is he.” Proverbs 23:7 (NKJV); “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit; wie kan dit ken?” Jeremia 17:9 (AOV). Gedagtes en denke word geassosieer met die hart.

DIE INGEWANDE:

Die **ingewande** word geassosieer met **gevoelens en emosies**. Dit handel hier oor die ingewande as setel van deernis en medelye. In werklikheid sou die vroeë volk dit vertolk as om die ingewande te sluit van liefde as 'n persoon iemand anders nie behoorlik liefhet nie. Die oorsprong van die siening mag wees vanweë die sensasie op die maag wanneer 'n emosie beleef word.

WATTER BETEKENIS HET DIT VIR ONS, VANDAG?

Ons vyand (satan en sy bose onderdane) se aanslag is hoofsaaklik op twee areas gefokus, naamlik die mens se **denke** en sy **emosies**. Die aanslag word geloofs teen die manier waarop ons dink en voel en hoe ons dan emosioneel reageer.

Die gelowige moet paraat wees, want die vyand bombardeer almal met verkeerde en **valse inligting**. Die een wat onverhoeds betrap word se gedagte-wêreld word met leuens, valse leerstellings en godsdienstige onwaarhede infiltrer. Die vyand maak van enige metode gebruik omdat sy visier gerig is op die **negatiewe** sy van die menslike emosies. Hy weet as hy daarin volhard sal hy altyd (gedeeltelik) suksesvol wees om emosionele optrede van sy slagoffer te ontlok wat nie die heiligheid van ons Vader in ag neem nie.

Verdraaide denke; wellus en ander vorme van afvalligheid; asook gevoelens wat hand uitruk, is aanduidend daarvan dat die slagoffer daarvan sy hart sal

moet ondersoek en beskerm.

(Lees my persoonlike getuienis oor emosionele genesing elders op hierdie webwerf, getitel: 'N GETUIENIS VAN EMOSIONELE GENESING JACQUES POTGIETER)

WANNEER ONS ONS **GEDAGTES** EN **EMOSIES** BESKERM TEEN DIE AANVALLE VAN DIE VYAND, RAAK ONS BESTAND TEEN DIE VYAND SE POGINGS OM ONS MET SY LEUENS TE OORROMPEL.

SAMEVATTING

Die inhoud van ons gedagte-wêreld asook ons emosionele ingesteldheid, bepaal ons **REAKSIES/OPTREDES**. Die **KENNIS** wat ons oor beskik is die eerste sleutel tot ons REAKSIES/OPTREDES. 'n Mens moet 'n sekere mate van kennis, begrip, gewete, motiverings gevoelens en emosies hê om te kan reageer. Die Borswapen van geregtigheid beskerm al hierdie aspekte, sodat algemene reaksies rasioneel en in lyn kan wees met algemene christelike norme.

GEVAAR:

Die vyand van Vader God se kinders stel intensief daarin belang om van hulle te steel. Hy wil ons van die **waarheid** van die **Woord van God** beroof (Hierdie kennis van wat Vader God sê, is die kennis wat ons oor moet beskik).

Interessantheidshalwe, hy **steel** nie slegs in ons **afwesigheid** nie; hy **berooft ons oop oë**. Met 'n slinkse glimlag laat hy ons dan nie met niks agter nie, maar in die plek van die waarheid verruil hy aan ons die leuen ... wat die mens in elk geval dikwels vir soetkoek opeet.

So raak die mens wat nie waaksaam is nie instrumenteel daarin dat sy/haar gedagtes en emosies gevul word met nuttelose strooi in plaas van **saad** wat **honderdvoudig vrug** kon dra. Die vyand vul ons met 'n **MORALITEIT** wat nie Vader God sin is nie. Hy beywer hom om ons te kry om dinge verkeerd te verstaan en te interpreteer. Oor sonde wil hy hê moet ons die ingesteldheid begin ontwikkel van: "Ag eintlik is dit nie so erg nie!"; en die gevolg daarvan is dat hy ons dan verswelg in 'n see van oortredinge.

'n Vernietiging van ons **GEWETE** ontstaan in hierdie proses, en veroorsaak dat ons in dinge betrokke raak wat ons nooit ons in moes begewe het nie. Die **GEVAAR SIRENES** van ons gewete wat ons altyd gewaarsku het, word nie meer gehoor nie en dan is dit dat ons begin **WEG DRYF** vanaf die senter van Vader God se **LIEFDE**.

TEN SLOTTE:

Daar is drie tipes geregtigheid om in gedagte te hou:

§ Gewaande geregtigheid -

Romeine 3:10 “Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.” (AOV) uit jouself sal jy nooit goed genoeg kan wees nie. Jesaja 64:6 “...en al ons geregtighede soos ‘n besoedelde kleed...”

§ Geregtigheid as ‘n geskenk -

Romeine 3:22-24 - “Maar nou is die geregtigheid geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.” (AOV)

§ Praktiese geregtigheid -

Mens kan die geregtigheid hê wat as ‘n geskenk gegee word, maar steeds kan jy elke dag die stryd verloor deur hoe jy leef. Mens moet die geregtigheid wat jy ontvang het in gebruik stel; dit prakties uitleef. Daagliks, oomblik vir oomblik, kan ons die regte keuses maak. Filipense 3:10 – “...sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word...”

Dawid skryf in Ps. 51:14 – “Gee my weer die **vreugde van U heil** en ondersteun my deur ‘n gewillige gees” (AOV); “*Restore unto me the joy of thy salvation*” (KJV). Hý het verseker volkome redding by die Here gevind, maar die **blydskap** het hy verloor.

Waar staan ek ... en jy?

Ek wil tot aan die einde daarin volhard om my daarvoor te beywer dat my praktiese geregtigheid aan die geregtigheid wat ek as geskenk van genade ontvang het, moet beantwoord!

*In my geval (en dalk ook in joune) was dit nodig om ‘n pad van genesing te stap nadat dit duidelik geword het dat daar **onvolmaaktheid** in my **emosies** en **denke** was. Uit genade het ek **helings** gevind via die sentrum wat hieronder gemeld word. Dis daarom gerusstellend dat ek **nóú** meer as ooit te vore die*

geestelike wapenrusting as 'n lewenswyse sien en nie as 'n daaglikse roetine nie.

Prys die Here!

eFAMILIE TRANSFORMASIESENTRUM (Bfn.) - 051 522 5088 - Ma – Do 08:30 – 13:00

www.smartfamilies.co.za

Jacques Potgieter

Source: <http://www.wordlibrary.co.uk/article.php?id=99>

Date: 24 August 2009 | Author: Dele Oke

The breastplate of righteousness

.. having put on the breastplate of righteousness

Ephesians 6:14 NKJV

The breastplate covers the chest. In our case the breastplate is made not of iron but of righteousness. A soldier with his breastplate on goes boldly into battle full of confidence. Righteousness allows us to stand before God, men and demons.

While the belt of truth shows you what is yours and what you can do, the breastplate of righteousness allows you to utilise what is yours. Without the breastplate of righteousness our faith would be like any mere religion - a form of godliness but no power to act. Satan would knock us down with one word of condemnation. Nor would we have the boldness to go before the throne room of God's grace.

What is the breastplate of righteousness?

To be righteous is to have a right standing with God. It is being justified and free of condemnation.

Righteousness is two fold. Firstly, it is imputed to us: this means something we are given free of charge without effort. This gives us the right to stand before God and speak to him as if we were sinless. Secondly righteousness is imparted into us: this means something that *Christ works in us and with our cooperation*. This grants us the inner strength to live and conduct ourselves in a manner that is pleasing to God.

Imputed righteousness

This is righteousness God puts on us. It is not earned but given. Let scripture explain.

*Romans 4:6-7 just as David also describes the blessedness of the man **to whom God imputes righteousness apart from works:** 7 "Blessed [are those] whose lawless deeds are forgiven, And whose sins are covered; (NKJV)*

*Romans 5:1-2 Therefore, **having been justified by faith**, we have peace with God through our Lord Jesus Christ, 2 through whom also we have access by faith into this grace in which we stand, and rejoice in hope of the glory of God. (NKJV)*

*Romans 3:21-25 But now the righteousness of God apart from the law is revealed, being witnessed by the Law and the Prophets, 22 **even the righteousness of God, through faith in Jesus Christ, to all and on all who believe.** For there is no difference; 23 for all have sinned and fall short of the glory of God, 24 being justified freely by His grace through the redemption that is in Christ Jesus, 25 whom God set forth [as] a propitiation by His blood, through faith, to demonstrate His righteousness, because in His forbearance God had passed over the sins that were previously committed, (NKJV)*

Abraham, in the Old testament, believed God and God considered this righteousness. In other words, God treated Abraham as if he had done nothing wrong simply because of Abraham's faith in Him.

This is sometimes hard for us to comprehend. That all our sins are forgiven and all our unrighteousness deeds are not held against us. We can come boldly to God as if we had done nothing wrong. God makes us right with Him simply because we believe and accept as ours the death of Jesus Christ on the cross for our sins.

But this is only part of the story. Righteousness goes further than that. Imputed righteousness is the first investment of God into our life. It is something given to us to get us going. Treat it like a permanent grant. It comes with some expectations attached. The expectation is that you invest it to make your own profit. In this case imparted righteousness.

Imparted righteousness

This is what Christ is working in us with our cooperation. While imputed righteousness gives you the boldness and access into His presence. His presence gives you the power to change your life and put sin away from your life. It imparts something of God into you. This has always been God's ambition.

Let the scripture explain.

*Jeremiah 31:33-34 "But this [is] the covenant that I will make with the house of Israel after those days, says the LORD: **I will put My law in their minds, and write it on their hearts;** and I will be their God, and they shall be My people. 34 "No more shall every man teach his neighbor, and every man his brother, saying, 'Know the LORD,' for they all shall know Me, from the least of them to the greatest of them, says the LORD. For I will forgive their iniquity, and their sin I will remember no more." (NKJV)*

The life and power of Christ changes us gradually into His likeness.

*2 Corinthians 3:18 But we all, with unveiled face, beholding as in a mirror the glory of the Lord, **are being transformed into the same image from glory to glory**, just as by the Spirit of the Lord. (NKJV)*

God wants us to live holy lives. Not walking in sin or compromising our faith. The power of Christ inside you equips you to do this. As you submit yourself to the leading and power of the Holy Spirit sin will no longer have dominion over you.

The person who intends to be a Christian must keep the power of holiness and righteousness in his or her life and conduct. Have the breastplate of righteousness and 'keep it on'.

The following scripture from Romans 8 sheds more light on this

Romans 8:1-11 [There is] therefore now no condemnation to those who are in Christ Jesus, who do not walk according to the flesh, but according to the Spirit. 2 For the law of the Spirit of life in Christ Jesus has made me free from the law of sin and death. 3 For what the law could not do in that it was weak through the flesh, God [did] by sending His own Son in the likeness of sinful flesh, on account of sin: He condemned sin in the flesh,

4 that the righteous requirement of the law might be fulfilled in us who do not walk according to the flesh but according to the Spirit. 5 For those who live according to the flesh set their minds on the things of the flesh, but those [who live] according to the Spirit, the things of the Spirit. 6 For to be carnally minded [is] death, but to be spiritually minded [is] life and peace.

7 Because the carnal mind [is] enmity against God; for it is not subject to the law of God, nor indeed can be. 8 So then, those who are in the flesh cannot please God. 9 But you are not in the flesh but in the Spirit, if indeed the Spirit of God dwells in you. Now if anyone does not have the Spirit of Christ, he is not His.

10 And if Christ [is] in you, the body [is] dead because of sin, but the Spirit [is] life because of righteousness. 11 But if the Spirit of Him who raised Jesus from the dead dwells in you, He who raised Christ from the dead will also give life to your mortal bodies through His Spirit who dwells in you. (NKJV)

Christ's death on the cross washed away our sins and made us right with God. This allowed the Holy Spirit to come and live within us.

The Holy Spirit within us now gives us the life and power to live above sin. He imparts in you godly living. This is the breastplate of righteousness.

Imputed righteousness is what Christ gives to you the believer. The justification which let's us stand righteous before God. This is called the righteousness of God. Imparted righteousness is what Christ is working in you now with your cooperation. You have the power to consciously live above sin - to conduct your life in a way that is pleasing to God.

Righteousness is God's double sided protection for the Christian. It defends our conscience from all the wounds inflicted by past sin and failures and also keeps us from the constant array of temptations and lust that desire to inflict more harm on us.

How to put on the breastplate of righteousness?

Putting on the breastplate of righteousness is something we do consciously. Become aware of who you are in Christ Jesus. Come boldly into His presence (Hebrews 4:16). Don't cringe in His presence. Accept the truth that Christ has made you a pleasure in the presence of God. Expect Him to hear your prayer. Change your attitude and relationship with God in the light of what Christ has done for you.

Next, allow Christ to work His life and Will in you. Allow His Holy Spirit to give you the power to live above sin. Do this and you wear the breastplate of righteousness?

Further reading

William Gurnall

The Christian in Complete Armour

(First Banner of truth reprinted 1964, ISBN 0851511961)